
# DIE ZASTRONNER



# ZASTRON APTEEK

*Gesondheidsorg en Diens*

PLUS

'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN:

*Revlon*

*Alexandra de Markoff*

*Yardley*

*Innoxa*

Maandelikse Plus-Promosies en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en Swembadbenodigdhede

**TEL (05542) 54 & 355 *(Huis)* 546 • POSBUS 400 • ZASTRON 9950**

Eienaar/Uitgewer/
Drukker/Redaktrise:
Diana Rautenbach

Adres:
Die Zastronner
Posbus 54
ZASTRON
9950

Tel.: 1821
Boesmanskop

Buiteblad gedruk
deur Sentrapers,
Posbus 380,
Ficksburg, 9730

# REDAKSIONEEL

## LIG DIE MASKERS

Elkeen van ons het 'n begeerte om "iemand" te wees. Ons wil graag voel dat ons iets beteken en waardeer word deur hulle saammet wie ons lewe en werk. Om egter hierdie innerlike behoeftes te bevredig, vermom ons ons maklik en doen ons ons graag anders voor as wat ons werklik is.

Daar is allerlei vorms van vermomming waaraan ons almal skuldig is. Byvoorbeeld as iemand ons uitvra oor ons werk, sal ons verslag 'n bietjie belangriker klink as wanneer 'n kollega die vraag namens ons beantwoord! En hoe graag gee ons tog nie voor dat ons meer van 'n onderwerp weet as wat die geval is nie. Ons dink mos dat geleerde woorde of tegniese terme ons onkunde kan verberg. Iets wat my baie opval, is hoe godsdienstig en ernstig mense hulle kan hou as 'n predikant in die geselskap is! Of daar is ander wat weer probeer om met 'n grootpraterige houding hul eie onsekerheid weg te steek.

Ek dink dat ons al so gewoond geraak het aan hierdie spel om ons ware aard te verberg, dat hierdie voorbeelde u kan omkrap. Maar miskien is dit nodig dat ons 'n slag ons maskers afhaal en die ware mens daaronder in oënskou neem. As ons eers kan aanvaar dat daar altyd mense sal wees wat 'n hoër posisie beklee, of dat dit nie 'n skande is om ons onkunde oor 'n aangeleentheid te erken nie, dan is die saak al half gewonne.

Kom ons aanvaar dat ons elkeen die reg het om "iemand" te wees. Elkeen van ons het sekere talente ontvang. Kom ons probeer om ons nie langer groter of bekwamer as ander voor te doen nie en gebruik eerder daardie tyd om ons eie talente te ontwikkel.

**Redaktrise**

Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.

Met dank en erkenning aan:
Die Munisipale Raad vir borgskap;
Mnr. Pieter Brink vir die voorbladfoto;
Die kleurskeiding geborg deur die Munisipaliteit;
Die N.G. Kerk Vanstadensrus en Zastron vir hul steun;
Adverteerders en Medewerkers

Geregistreerde Nuusblad

# BRIEWE



*Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Donderdag, 23 April 1992.*

## DIS HARDE WOORDE, MAAR DIS WAAR!

Liewe lesers

Toe iemand gedurende Januarie voorspel dat die reën gaan wegbly, het niemand dit geglo nie. Hier trek ons nou al na einde Maart se kant en die toestande lyk nie goed nie. Wat my egter dwars in die krop steek, is dat wanneer daar 'n geleentheid is om saam te bid oor hierdie saak wat almal raak, daag daar maar 'n handjievol mense op! Waar is die goeie ou dae dat 'n landwye biddag vir reën gehou is, dat alles letterlik tot stilstand gekom het, dat geen afspraak of ander verpligting jou op daardie dag uit die kerk kon hou nie? Of ons dit nou wil erken of nie, dit was die biddae dat groot druppels reën begin val het nog voor 'n mens by die huis was!

Ek wonder of iemand nie miskien die inisiatief wil neem om 'n etiketdag op Zastron aan te bied nie, want ek dink ons het nogal baie om te leer. Byvoorbeeld as 'n mens van mening is dat hy oor genoeg kennis van 'n onderwerp beskik, dan hoef hy nie 'n vergadering by te woon nie. Dit is egter swak maniere en steurend om tydens 'n vergadering die saal te verlaat. Hier dink ek veral aan die talle ouers wat tydens die onlangse inligtingsvergadering by die skool, voor die tyd uit die saal gestroom het. As dit een of twee was, kan 'n mens dit dalk verstaan, maar soveel .... Ek dink dit was swak!

**Groetnis, Sinterklaas.**

**CALEDON MAKELAARS BK**

***U onafhanklike Versekerings-makelaars***

U het ons nodig

indien u voel dat u -

* PREMIES TE HOOG IS ....
* PORTEFEULJE HERSIEN MOET WORD ...
* ONAFHANKLIKE ADVIES VERLANG ....

***ONS VERSKAF GRATIS KWOTASIES***

Skakel vandag nog

**ZASTRON TEL. 259**

## REAKSIE OP SINTERKLAAS SE WENKE VIR SAKEMANNE

**"LET YOUR FEET DO YOUR SHOPPING" skryf:** Graag reageer ons op die brief van Sinterklaas in Die Zastronner, Februarie 1992. Ons probeer sover moontlik om alle voorraad wat kliënte benodig aan te hou. Dit is egter nie altyd moontlik nie, want sekere voorraad is gelys en dit wat nie gelys is nie, mág ons nie aanhou nie. Ons probeer egter ons bes om ongelyste voorraad gelys te kry en dit sodoende te kan aanbied.

Wat die souspoeier aanbetref, was daar landwyd 'n tekort en is daar nog steeds 'n tekort! Ons was gelukkig om 'n klein besending te ontvang. Nie eens in die groot sentra was daar beskikbaar nie.

Asyn was een van die produkte wat die verskaffer nie kon voorsien nie, omdat hulle nie bottels of etikette gehad het nie. Dít was dus heeltemal buite ons beheer.

Manlike kliënte is nog altyd, sonder dat hulle hoef te vra, wanneer ons sien dat hulle na iets soek, gehelp. Te alle tye wanneer hulle om hulp vra, is hulle sonder verwyl gehelp. Dit is ons brood en botter. Vroulief moet egter nie besluit dat sy nie lus is om haar inkopies te doen nie en dan die winkel skakel, haar hele lysie oor die telefoon gee en verwag ons moet alles afhandel, net reg vir manlief om op te laai! Ons het regtig nie tyd om kliënte se inkopies te doen nie! Dit is immers 'n selfhelp-winkel. Ons is egter bereid om boodskappe aan kliënte oor te dra, wanneer ons die persoon in die winkel sien.

Baie dankie en ons sien uit daarna om u, die publiek van Zastron, van hulp te kan wees en om 'n goeie diens aan u almal te lewer.


*Soekie Venter*
*Eiendomsagent*



**Tel. 72**
**alle ure**

**UNITED ALLIED SANTAM-VERSEKERING**

**SANTAM**
***MULTIPLEX***

*Die wydste dekking onder een sambreel*

**Lenings kan gereël word**

**Vrystaatse Lewendehawe**
**Gustavusstraat 24A**
**Posbus 6**
**ZASTRON**

## ONS WONDER MAAR NET ....

**'n Paar vriendinne van Zastron skryf:** Ons het nou die dag op hierdie uittreksel in 'n vrouetydskrif van 1989 afgekom. Ons deel dit graag met die lesers en wonder of dit u ook al opgeval het?

"Waarom gee 'n wildvreemde man jou nooit 'n bos blomme as jy een van die parfuums in die advertensies gebruik nie?

Waarom word jy nooit genooi om deel te neem aan een van daardie TV-vasvraprogramme waarin 'n mens fabelagtige pryse kan wen deur eenvoudige vragies te beantwoord nie?

Waarom verloor jou vriende altyd jou adres, maar ontvang jy vir seker jou gemorspos?

Waarom voel 'n uur 50 keer so lank in die tandarts se stoel as in jou geliefde se arms?


Waarom kan jy jou hond leer om hom by die huishoudelike roetine neer te lê, maar nie jou man nie?

Waarom ly mense nou aan depressie en stres, terwyl hulle vroeër net terneergedruktheid en spanning te bowe moes kom?

Waarom het tikmasjienlinte 'n rooi deel wat niemand ooit gebruik nie?

Waarom is jul kind "pa se bulletjie" wanneer hy vir die eerste rugbyspan gekies word, maar "jou seun" sodra hy 'n swak skoolrapport huis toe bring?"


Troufoto's



Rhyno Kriek

☎(051) 300167


---

## BAIE DANKIE

**DAPHNE STEVENS skryf:** Hiermee net 'n woord van innige dank aan al die verpleegpersoneel, die dokters, besoeke van vriende tydens my onlangse siekte. Baie dankie vir al julle vriendelikheid, bemoediging, besoeke en belangstelling. Dis wonderlik om deel te wees van so 'n meelewende gemeenskap.

**DIE SMIT-FAMILIE van Zastron** wil baie dankie sê vir almal wat hulle bygestaan het met Johnny se dood. Dit word opreg waardeer.

**ROSA VAN TONDER skryf:** Vir die hospitaalpersoneel en dr. Van Zyl, baie dankie vir hul hulp met die

geboorte van my baba, asook vir almal wat my kom besoek het. Dit word opreg waardeer.

**RICHARD EN MARTHA skryf:** Langs hierdie weg wil ons net aan al ons vriende, familie en belangstellendes 'n woordjie van dank en waardering rig vir hulle belangstelling met Richard se onlangse ongesteldheid en operasie by die Universitas-hospitaal. Ons waardeer dit opreg.


**OLGA NEL** wil dankie sê vir almal wat haar bygestaan het met die afsterwe van Kobus. Dankie vir al die blomme, kaartjies, telefoonoproepe. Dit word opreg waardeer.

**ANTON EN BEULAH SCORRANO skryf aan hul familie en vriende:** Ons wil net baie dankie sê aan almal vir die hospitaalbesoeke, telefoon-oproepe, kaartjies en ruikers wat ons ontvang het met Beulah se operasie en hospitaalverblyf hier en in Bloemfontein. Ons waardeer die belangstelling.

**NICO JANSEN skryf:** Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om my waardering uit te spreek teenoor almal, wat belangstelling in my herstel na die operasie getoon het. Baie dankie vir ruikers, besoeke, kaartjies en oproepe wat ek ontvang het. Dit is tydens sulke tye dat 'n mens besef hoeveel krag jy uit vriende se ondersteuning put.

**BELLIE FONTERNEL skryf:** Hiermee my opregte dank aan Kotie en my kinders vir hul ondersteuning en begrip tydens my moeder se dood en begrafnis. Sonder hulle was ek verlore. Ook baie dankie aan ds. De Klerk vir sy besoek, die sentrale vir hul flinke diens, aan Mona Marx vir ons padkos en aan dr. Swartz, baie dankie vir die medikasie wat dit vir Kotie moontlik gemaak het om op die lang pad te gaan. Ons opregte dank aan al my vriende vir meegevoel betuig en laaste maar nie die minste, aan die mense wat vir my vervoer aangebied het. Ek lief julle almal.

**KOBUS EN ANTJIE BREYTENBACH skryf:** 'n Opregte woord van dank vir al u ondersteuning tydens ons seuntjie, Le Roux se operasie. Weet dat elke kaartjie, besoek en telefoonoproep vir ons baie beteken het in hierdie tyd.




## KOMMENTAAR VAN NUWE INTREKKERS

**Mnr. en mev. M.C. Heymans skryf:** Die aanpassing vanaf die stad was geensins moeilik nie - maar om deur die gemeenskap aanvaar te word, blyk 'n moeiliker proses te wees."

## D A G B O E K
## April 1992

1-4 Rugbykliniek
1-7 BKJA-toer
2 Gideons
3 Zastron Boerevereniging
OVV Straatmark
6 Stigtingsdag
8 Skole open
9 Gideons
10 Bloedskenk
11 Gholf: Myburghbeker
Rugby: Zastron vs Rouxville
13 Kinderkrans
14 Tuinbou
SKJA
BKJA
16 Nagmaal: 18h00
17 Goeie Vrydag
19 Paasfees
20 Gesinsdag
21 SKJA
BKJA
22 VLU
24 Distriksboere-unie
25 Gholf borgdag
Rugby: Dewetsdorp vs Zastron
26-28 Ringsitting
27 SKJA
BKJA
29 Kerkraadsvergadering
30 Zastron Boerevereniging
Rapportryers

# E K H O O R . . .

### Geboortes

Op Skrikkeldag, 29 Februarie is mnr. en mev. Johan van Tonder se tweede kind gebore. **Op die foto hou mev. Rosa van Tonder die kleine Juané vas.** Daar sy amptelik net elke vier jaar sal verjaar, sal sy seker nooit hoef skaam te wees oor haar ouderdom nie!


**SPRINGBOK KAFEE**
Zastron

**Tel. 46**


***Ons lewer 'n***
***Eenstop-diens***

**Probeer gerus ons vleispasteie, vis en skyfies**

***Ons bak daagliks***

**TEEKAMER**




Op 15 Maart is mev. Antoinette Odendaal se eersteling, 'n seun gebore.

**Heengegaan**

Op 2 Maart is 'n oud-inwoner van Zastron, mev. G.M. Albertse oorlede.

Mnr. Piet Swart van Vanstadensrus is op 4 Maart in 'n motorongeluk gedood. Hy was 51 jaar oud en word oorleef deur sy vrou, Zelna en twee kinders.

Op 18 Maart is mnr. Fanie Smit van Malherbestraat, Zastron tragies oorlede in 'n skietvoorval. Hy laat sy vrou, Martie en twee kinders agter. (Berig elders)

**Siektes**

Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in die Zastron-hospitaal: Mnr. M.C. Meyer van Rouxville, mnr. A.C. Combrink van Bloemfontein, mev. Tok Arnolds van Vanstadensrus en mev. C. Holder. Mev. Betty Carter van Vanstadensrus was ook 'n geruime tyd in die hospitaal te Zastron en Bloemfontein, maar sterk tans tuis aan.

**Nuwe Intrekkers**

Mnr. D.P. Erasmus, Chasestraat, Zastron. Mej. M.J. Olivier, 'n konstabel, woon in Hanrinwoonstel 10. Mnr. H.W. Lombaard woon in De Winnaarstaat 12 en mnr. D.F.H. Coetsee te Reichenbergstraat 72.

**OUDSTE INWONER NOG PERDFRIS**

Op 5 Maart het mev. Sues van Zyl haar 95ste verjaardag gevier. Mev. Van Zyl is 'n inwoner van Huis Vergesig, maar het dié dag op die plaas, Florence van haar dogter mev. Esta Fonternel deurgebring. Mev. Van Zyl het drie kinders, sewe kleinkinders en twaalf agterkleinkinders. Sy geniet nog redelike goeie gesondheid en haar verstand is baie helder. Aldus haar kinders, kan jy haar maar enigetyd om 'n resep of 'n adres gaan vra en sy sal die inligting sonder aarseling verskaf!

**April-Verjaardae**
**Huis Vergesig**

7 Mev. C.S. Fouché van woonstel 3
8 Mev. S.E. Lombaard word 80 jaar oud.
9 Mev. Nettie Henning vier haar 90ste verjaardag.
10 Mev. Babes Strydom word 84 jaar.
17 Mnr. Martiens Swanepoel herdenk sy 77ste geboortedag.

**Zastron N.G. Kerk**

2 Rina Fourie
5 Willem de Wet, Willie Riesenbeek
6 Lena Meyer, Thinus de Kock, Anetta Lamprecht
9 Eugene Heyns
11 Kobus Breytenbach
12 Pop Barnard
13 Nico Jansen
14 Jan Swanepoel
15 Dolfie Booyzen
18 Saartjie van Heerden
19 Martie van Reenen
25 Isabel Hauptfleisch
26 Frikkie van Ronge, Gaaf Botha, Leon Scorrano
27 Hendrik Terblanche
29 Hennie Botha

**Vanstadensrus**

5 Annette Stevens
11 Wilna Calitz, Zelna Swart
12 Marié Bekker, Ninko Bantjes
14 Elsa Rautenbach
18 Fanie Bothma

**Algemeen**

Tydens die diploma plegtigheid van Februarie het Gerda, dogter van Faan en Hendrien Venter 'n nasionale diploma in personeelbestuur ontvang.

Groot vreugde het onlangs geheers toe sterk water op die plaas, Breda van mnr. P.J. Fonternel gekry is. Met behulp van 'n lugdrukboor is daar op 'n diepte van 180 vt 18 000 gelling water per uur gekry. Die plaas, wat 75 morge groot is, het tot op daardie stadium geen water gehad nie en was afhanklik van buurplase. Mnr. Fonternel het die plek aangewys waar die sterk water gevind is.

Al gaan die poging om Zastron te bemark, miskien by baie inwoners ongesiens verby, word dit tog deur vreemdelinge raakgesien. In die Huisgenoot van 20/2/92 verskyn 'n brief waarin mnr. S. Rautenbach, Glenstatia onder andere vertel dat hulle gedurende Desember deur Noordoos-Kaapland gereis het en dat van die pragtigste natuurskoon in die land hul beloning was op plekke soos Zastron en ander.


Sanlam

Waar u toekoms tel

Boedel & Aftrede beplanning
Belasting besparing
Beleggings & Finansiering
Versekering

Plaaslike Verteenwoordiger
DAPPER DE WET
TEL. ROUXVILLE 143
Kantoor ure (08h00 - 13h00)

Mnr. Nico Jansen, landbou-adviseur (veekundig) van Zastron het onlangs sy doktorsgraad tydens die gradeplegtigheid van die UOVS ontvang. Met sy proefskrif, 'n Ondersoek na die moontlike oorsaaklike fisiografiese, fisiochemiese en/of anatomies-patalogiese faktore van natkarkassindroom by skape, het hy 'n moeilike navorsingsveld betree, as gevolg van die omvangrykheid van die probleem en die algehele gebrek aan vorige navorsing op die gebied.

Vleis Vleis Vleis Vleis

**ZASTRON SLAGHUIS**

TEL. 20 Na-ure TEL. 468

**HOOFDSTR. 25**
**ZASTRON**

**(Besoek gerus ook ons tak te Rouxville)**

***ONS IS VERSKAFFERS VAN***

**Vars vleis**

**Biltong en Droe Wors**

**Tuisgemaakte kouevleis**

**Lekker kerrie sosaties**
**en hoender sosaties**

**Melk en Vrugtesappe**

*KOM BINNE EN OORTUIG USELF*

*VAN DIE BESTE PRYSE OOIT*

Vleis Vleis Vleis Vleis
Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis
Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis


**ONS KRUIK**

*TEL. 502 Ralphstraat, Zastron*

**Daagliks oop tussen 13h00 en 14h00**

**KOM BESOEK ONS GERUS**

Groot verskeidenheid geskenke
Wolmatte wat elke sak sal pas
Probeer ons gesondheidspap
en stafies
Potplante
**Potgrond,**
**kompos en**
**kunsmis**




**ONS LEWER GRAAG**
**DIE GESKENK VAN**
**U KEUSE AF BY**
**DIE HOSPITAAL OF TUIS**
**MENSE BUITE ZASTRON BAIE**
**WELKOM OM TE SKAKEL**

Mev. Joe Webb het onlangs 'n pragtige naaimasjien as tweede prys in die Plus Rudix-kompetisie gewen. Sy het die prys by Zastron Apteek ontvangs geneem.



# RENDEZVOUS
# GEBRUIKTE MOTORS
# LADYBRAND



**TEL. 2936/2729**

NA URE: T. Nel 2441
T. Lourens tel. 2101
L. Steyl 40821
E. Lehasa 40088

| | |
|---|---|
| 1991 Sapphire 2 Liter GL I. At + Air/c 37 000km | R45 100 |
| 1991 Golf CLS + Air/C Rad/T 41 000 km | R33 550 |
| 1991 Nissan Skyline 2 L. GLE + Air/c 14 000km | R39 050 |
| 1991 Nissan Sentra 1.3 30 000 km | R25 400 |
| 1990 Sapphire 3 Lit. GLX | R41 250 |
| 1990 Toyota Cressida GL I 6 Man 37 000km | R43 900 |
| 1990 BMW 735 I. At. Full Serv/V Record | R139 600 |
| 1989 Audi 500 SE Man + Serv/R | R53 900 |
| 1988 Honda Ballade Man. Air/C | R23 100 |
| 1987 BMW 525 E. Man 80 000 km | R38 900 |
| 1987 Mercedes Benz 230 E Man + Serv/R | R73 700 |
| 1987 Jetta CSX Very Good | R21 200 |
| 1987 BMW 320 I. Man. Air/C 80 000 km | R37 400 |
| 1985 Ford Escort 1 600 5 Door Sport a beauty | R11 960 |
| 1984 BMW 323 Man + Air/C Rad/T | R23 600 |
| 1984 Honda Ballade | R14 300 |
| 1989 Courier 2000. LWB 44 000 km | R30 250 |
| 1990 Toyota Hi-Lux 2.4 Diesel L.W.B. 68 000km | R33 450 |
| 1988 Bantam 1.6 Leisure + Canopy 46 000 km | R26 450 |

# MISDAADVERSLAG

'n Klagte van moord en drie pogings tot moord word ondersoek na 'n skietvoorval ongeveer 2 km van Mayaputi-brug af. Mnr. Fanie Smit, Deon Martin, Andrew Franzen en 'n swartman, Ben Madiehe was oppad na hul werk in Sterkspruit, toe daar onverwags met 'n outomatiese geweer op hul motor gevuur is.

Die masjien is beskadig en die voertuig het tot stilstand gekom. Die insittendes het probeer vlug, maar die 31-jarige mnr. Fanie Smit is ongeveer 2 m van die voertuig noodlottig gewond. Mnr. Martin is in die boud gewond, maar het daarin geslaag om saammet mnre. Franzen en Madiehe te ontvlug. Die aanvallers het 'n petrolbom na die voertuig gegooi en die motor het totaal uitgebrand.

'n Polisie-soektog is dadelik geloods om na die vier onbekende swart mans in die omgewing te soek. Hulle het egter daarin geslaag om die Polisie te ontduik en het in 'n bakkie na die Transkei gevlug. Die bakkie, 'n ligroom Izuzu met 'n CAC registrasienommer is later gevind, maar met die ter perse gaan was daar nog geen arrestasies gemaak nie. Die polisie het versoek dat indien enige persoon moontlik op 18 Maart ongeveer 06h45 in die omgewing was en enige inligting kan verstrek wat met die ondersoek kan help, hulle asb. met speurder sersant Welstead, tel. (h) 489 of (w) 150 in verbinding moet tree.

Die oorledene, mnr. Fanie Smit was vanaf 1989 'n PAO Verkeersbeampte op Zastron en het onlangs by Vanda te Sterkspruit begin werk.

**Ander**

Gedurende die maand is 4 beeste van mnr. Sydney Townsend op die plaas, Maghaleen gesteel. Mnr. K. Klopper van die plaas, Vogelensang, vermis 10 beeste en twaalf skape is van mnr. Kobus Breytenbach, Koesberg gesteel.

Eetware ter waarde van R100 is by die huis van mnr. Connie Kühn te Meyerstraat 52 gesteel en by mev. Helene Botha van die plaas, Mayfair is ook ingebreek en klerasie ter waarde van R250 word vermis.


**Gerekenariseerde**
**BOEKHOU-DIENS**
(Brilliant Accounting)
**Tot en Met**
**BALANSSTAAT**

*Algemene Grootboek- Kasboek - BTW*
*Debiteure, Krediteure, Voorraadbeheer*
*Alle maandelikse finansiële state*
*en maandelikse verslae*

**Skakel**
**Cathy Cruywagen**
**Zastron 05552 - 51**
**of 05542 - 141**




# VOORLOPIGE PROGRAM

## DONDERDAG, 30 APRIL

07H00 - 08H00: Slaglammers aflaai by abattoir

## VRYDAG, 1 MEI

07H30 - 09H00: AANKOMS VAN VEE - Aflaai van jong ooie en inweeg van vee

**MULTIMARK**
Reichenbergstraat 30
ZASTRON

Algemene Handelaar

TEL. 10
*Skakel gerus*
*ons doen aflewerings*

09h00: WEGSPRING VIR ALLE "LAATWAAIERS" - Perderuiters, Drawwers, Stappers, Fietsryers, Pomptrollie, Motorfietse

09h30: WILLIE BENADÉ EN ELMA

09h45: "LAATWAAI NA OOGFEES EINDIG BY SKOUGRONDE

10h00: OPENING

10h15: LOSLAAT VAN DUIWE VERS EN KOEI/KALF BEOORDELING

10h20: TROETELDIER BEOORDELING

11h15: MEJ. OOGFEES UITDUNNE

11h45: SLAGLAM AAN DIE HAK BEOORDELING

12h30: WILLIE BENADÉ EN ELMA

13h00 - 14h00: MIDDAGETE - TRADISIONELE BOEREKOS (Sluit disse in soos, Bobotie, Waterblommetjiebredie, Wildsvleispastei, geelrys met rosyntjies, pampoenkoekies, stowe vrugte, kweper sambal, slaphakskene, gemmerbier, broodpoeding, tammeletjie, soet-

koekies en Blanc Mange.)

14h00: DEMONSTRASIE VAN TRADISIONELE DANSE

14H30: VERWELKOMING: NUWE INTREKKERS

15h00: PAK MANDJIES VIR TREINRIT

16h00: STOOMTREINRIT NA ROUXVILLE (Platberg Boere-orkes aan boord)

## SATERDAG, 2 MEI

07h30 - 09h00: AFLAAI VAN VEE - Slaglammers, Ooie, Lammers

08h30 - 09h30: SJAMPANJE ONTBYT

09h30: AL DEBBO

10h00: PA/SEUN VLIEëR KOMPETISIE EN WILLIE BENADÉ EN


***DIE UNIE DRANKWINKEL***



**Posbus 2**
**3**
**Tel. 6**

**Ons waarborg persoonlike aandag**

***Dawid en Elsabe Jordaan***


ELMA MAAK MUSIEK

10h30: TEE VIR BEJAARDES
BEOORDELING VAN SLAGLAMMERS EN OOI/LAM

11H00: MA/DOGTER KOMPETISIE

Belangstellende ma's en dogters moet **voor 17 April** 'n kop-en-skouer kleurfoto (poskaart-grootte) instuur saammet hul inskrywingsfooi van **R5** na die volgende adres:
**Mev. Henriëtte van Zyl**
**Posbus 306**
**ZASTRON**
**9950**

Mnr. Pieter Brink of mnr. Bill Shaer kan gekontak word om foto's te laat neem. Inskrywings sal by Zastron Apteek opgeplak word vir besigtiging.

**TIEN FINALISTE SAL IN DIE APRIL-UITGAWE VAN DIE ZASTRONNER AANGEKONDIG WORD. MOET DIT NIE MISLOOP NIE! GROOT PRYSE OP DIE SPEL!**

12H00: SKATTEJAG

12h30: AL DEBBO

13h00 - 14h00: Tradisionele middagete

14h00: SKAAPTEL-KOMPETISIE EN WILLIE BENADE EN ELMA
14h30: AL DEBBO

15h00: PRYSUITDELING

16h00: GIMASTIEK VERTONING

20h00: OOGFEESDANS!!!!
Kroning van Mej. Oogfees

Verskele uitstallings

# Verkiesing van Raadslid

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 26(4) van Ordonnansie nr. 8 van 1962, dat die onderstaande geldige nominasies ontvang is vir die vakature wat in die Raad bestaan:

BESTER, WILLEM JACOBUS
BREYTENBACH, OLAF ABRAHAM
VAN ZYL, GIDEON GEORGE

'n Stemming per stembus vir die verkiesing van een (1) Raadslid sal op WOENSDAG, 15 APRIL 1992 tussen die ure 07h00 tot 18h00 in die STADSAAL, ZASTRON gehou word.

C.H. CORDIER, Kiesbeampte

---

## WILLIE BESTER - Komiteestraat 42, Zastron



Stem vir die kandidaat met ondervinding van Munisipale aangeleenthede as:

Burgemeester, Onder-burgemeester, bestuurskomiteelid, raadslid
Bestuurswese vir 35 jaar
Voorsitter van Skool-beheerraad vir 14 jaar
President van Verskeie Sportklubs

"As gevolg van my aftrede hier, het ek onbeperkte tyd tot my beskikking om na u as belastingbetaler se belange om te sien, wat ek belowe om te doen, indien ek verkies word."


# CHAMPION DISTRIBUTORS

*Softs wholesale*
*for shop & store owners*

**All School Shoes** **Ladies Fashion Wear**
**Mens Wear** **Childrens Wear** **Baby Wear**

**prop. M.A. MARTIN**

**Tel. 522**
**Zastron**

## O.A. BREYTENBACH - Du Plooystraat 2

Pensionaris
(Foto nie beskikbaar)

Hiermee stel ek my as kandidaat voor aan die enkele belastingbetalers wat my nog nie ken nie.

Zastron is my geboortedorp en ek ken ons dorp soos die palm van my hand.

Nadat ek aan Grey Kollege gematrikuleer het, het ek by die staande mag aangesluit, daarna was ek aan die mynwese verbonde. Ek het ook vir 'n aantal jaar geboer.

"Ek beywer my vir die vooruitgang van ons dorp, asook ontwikkeling, instandhouding en verbetering van die infrastruktuur. Gepaardgaande hiermee ook die toepassing van finansiële dissipline en die resessie waarin ons land verkeer."

---

## DEON VAN ZYL - Matheestraat 53a, Zastron

Sekondêre Departementshoof aan die Hoërskool Zastron



Kwalifikasies: Akademies - B.A.-graadvakke by twee Universiteite, UPE en UNISA verwerf. Professioneel: - Driejarige Onderwysdiploma, Eenjarige HOD-kursus aan Graaff-Reinetse Onderwyskollege.

Het al gedien as : Voorsitter Studiegroep Suid-Vrystaat, Kerkraad, Voorsitter van Barmhartigheidsdiens, Ondervoorsitter van Landbougenootskap.

Tans dienende as: Sekretaris Suidoos-Vrystaat Rugby Laerskole Tesourier van Suid-Oostelike Distrikte Skole, Bestuur - Landbougenootskap.

"Met die veranderinge op die gebied van die onderwys het samewerking tussen die ouers, skool en gemeenskap 'n dringende noodsaaklikheid geword. As personeellid van die skool, sal dit dus aan my die geleentheid bied om insette te lewer in belang van ons skool en ons gemeenskap."


**J. FOUCHE & KIE**
*Prokureur*
**Volkskas-gebou** **Tel. 259 Zas**
**Zastron** **Tel. 6 Rxv**

**BELEGGINGS**
*Verbande en Finansiering*

**BOEDELBEPLANNING**
*Testamente en Boedelberedderaars*

**EXACTAX**
*Inkomstebelastingdienste*

**EIENDOM**
*Verkope en Verhuring*

**VERSEKERING**
*Makelaarsdienste*

SKEERDIENSTE

Klasser ook beskikbaar

*KONTAK*

**S. VAN DER WALT**

**Tel. 1502**

***Vanstadensrus***

## DROOGTEREGLYN: VEEBEMARKING - saamgestel B.N.Jansen

Dit gebeur dat 'n boer beplan om onproduktiewe diere uit die kudde te verwyder, maar kom dan nooit sover nie. Hoe ironies dit ookal mag klink, bied en vereis droogtetoestande dat KRAAL SKOON GEMAAK WORD:

MAAK SKAAPKRAAL SKOON VAN:

a. Weggooiers. Van 8 500 Merino- en dubbeldoelooie by 14 medewerkers was 10,4%, vier weke na lam, droog. Ooie wat eenkeer 'n lam verloor het, toon 'n 43% kans om dit weer te doen.

b. Oorslaners. In dieselfde proef soos beskryf in (a) is gevind dat14.5% van die ooie na paartyd onbeset was (24,9%) Dragtigheids-ondersoek kan gebruik word om nie-produseerders te identifiseer.

c. Geboorteprobleme soos nageboorte wat vassit. Hoewel minerale-byvoeding 'n gunstige invloed op die reproduktiwiteit van 'n vroulike dier het, kan nageboortes weens ander oorsake vassit.

d. "Survival of the fittest". 'n Dier wat in die "hospitaalkamp" land, of wat treurig in die trop lyk, behoort aan produksie onttrek te word. Volgende jaar word hulle weer siek!

e. Defektiewe uiers, kan tot so hoog as 20% van die kudde wees.

| | OOIE MET | | | |
|---|---|---|---|---|
| | TWEELINGE | | ENKELINGE | |
| | Gesond | Bederf | Gesond | Bederf |
| % lammers wat vrek | 18,9% | 55,1% | 7,9% | 27,7% |

f. Klas ooie volgens ouderdom. Dohne-Produksiedata van 1955 tot 1980:

- Ooi-ouderdom het 'n invloed op na-geboortegroei (kleiner by 2 jaar en groter by 6 jaar)
- Persentasie lammers gebore, het gestyg van 69% tot 100% met 'n toename in ooi-ouderdom van 2 - 6 jaar. Op 10 jaar het die waarde tot 64% gedaal.
- Lammers gespeen per ooie gepaar was die waardes by 2, 6 en 10 jaar onderskeidelik 57%, 88% en 52%.
- Maksimum wolproduksie van 4.53 kg is op 3 en 'n half jaar ouderdom bereik, waarna dit gedaal het tot 2.82 kg op 9 en 'n half jaar.
- Veseldikte het tot 21,3 mikron op 7 en 'n half jaar ouderdom toegeneem, waarna dit stadig afgeneem het tot op 9 en 'n half jaar. (Dus maksimum ouderdom van ooikudde 6 jaar)

g. Klas ooie uit volgens rasstandaarde en ekonomies belangrike eienskappe.

h. Oorweeg om totale lammeroes te verkoop.

Semengehalte - Roomkleurig en viskositeit; Hantering van teelballe. * Spermproduksie (ongeveer 50 miljoen ejakulaat); grootte van die teelballe is aanduiding. * Dekvermoë (Deklus en dekbehendigheid) Van Wyk (1985) rapporteer die volgende resultate op 541 Merino-ramme in Suid-OVS: Geen belangstelling: 7,3% Onsuksesvol gedek: 15,8% Dit wil sê 23,1% van ramme is nutteloos.

MAAK BEESKRAAL SKOON

Selekteer die beste diere in die kudde sodat hulle die volgende kalweroes kan voortbring. Vermy sentiment!

a. Prul volgens

* Reproduksievermoë (dragtig-heidsondersoek)

* Melkproduksie,

* Bouvorm, * Ouderdom. Becker en Niemand (1991) rapporteer met Drankenbergerkoeie:

- Geboortemassa verskil min tot op 12 jaar by ou koeie, maar neem dan af.
- 205 dae-speenmassa van kalwers neem toe vanaf 169 kg vir 5-jarige koeie, tot 226 kg vir 11-jarige koeie.
- Kalfpersentasie (89,7%) het nie baie gewissel vir koeie vanaf 5 tot 12 jaar nie, maar die van 13-jarige koeie was heelwat laer.
- Doeltreffendheid het in 'n geringe mate vanaf 5 - 11 jaar ouderdom toegeneem, waarna dit begin afneem het.

* Koeigrootte (kuddeboer). Becker en Niemand (1991) rapporteer dat koeidoeltreffendheid vanaf 51 tot 35%respektiewelik afgeneem het vir koeie met 'n post partummassa van kleiner as 400 tot meer as 600 kg.

Dit blyk dus dat ligter en jonger koeie doeltreffender is.

b. Oorweeg om die totale kalweroes te bemark.

c. By hulle geld dieselfde as by ramme.

MAAK SUIWELSTAL SKOON:

Deudat melkpryse aan die styg is, en die suiwelkoöperasie 'n droogtesubsidie van 5c/l melk betaal, kan 'n melkboer, mits dit beskikbaar is, voer aankoop. Dit is nogtans goeie praktyk om van swak produseerders ontslae te raak. Ten einde die vleismark ten volle te benut, behoort slagvee voor bemarking afgerond te word. Die ekonomie en beskikbaarheid van voer, asook vleispryse, speel hierin 'n rol.


## TENDER VIR VOORSIENING VAN VUURMAAKHOUT

**Tenders vir die voorsiening van ongeveer 30 ton vuurmaakhout oor die periode van een jaar aan BKB-Skeerdiens te Zastron word nou ingewag by die Skeerdiens-werwingskantoor.**

**Hierdie hout moet van 'n harde tipe bv. Bloekom of Wattle wees, asook gesaag en gekloof wees in MAKSIMUM lengtes van 'n halwe meter elk. Die hout moet gelewer word tesame met 'n geldigebewys(weegbrugstrokie) van die massa van elke vrag wat gelewer word. Lewering sal op aanvraag/bestelling van die werwingskantoor geskied. Die periode sal strek vanaf 1 Mei 1992 tot en met 30 April 1993.**

**Volledige gespesifiseerde tenders moet in 'n verseëlde koevert gestuur word aan:**

**Die Hoof Skeerdienste**
**Posbus 409**
**ZASTRON**
**9950**
**om die kantoor te bereik nie later as 15 APRIL 1992 en die koevert moet duidelik gemerk wees "TENDER".**


Hierdie maand is 'n geskenkbewys ter waarde van R25 op die spel.

**Vraag 1**

Noem een van die gassprekers by die kaas-en-wyn funksie wat deur die Publisiteitsvereniging op 18 Februarie aangebied is.

**Vraag 2**

Vind 'n roete wat die doolhof binnegaan, deur al die bome loop en die doolhof weer verlaat sonder om enige deel van 'n roete meer as een keer te gebruik. Jy moet deur 3 swart bome beweeg voor jy deur 'n wit boom mag beweeg.



**Reëls**

Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal aangegaan word nie. Die wenners sal skriftelik in kennis gestel word en hul name sal in Die Zastronner verskyn. Die prys is nie oordraagbaar nie. Antwoorde moet voor of op 30 April die volgende adres bereik:

**Mev. K. Botha**
**Posbus 20**
**ZASTRON**
**9950**

Die wenner van die JANUARIE-KOMPETISIE en R25-00 geskenkbewys van Squares is:

**MEV. LENA OPPERMAN**

Baie geluk!


# ZASTRON DRUKKERY

<u>Vir al u drukkersbenodighede</u>

*Troukaartjies*
*Briefhoofde*
*Faktuurboeke*
*Pamflette*
*Setwerk en sny van papier*

Vir flinke en vriendelike diens

**Ons verskaf gratis kwotasies**

Kontak Elmo of Dermott Cusens

Tel. 36 of na ure 430 / 504

<u>Voorbeeld</u>: A B C D E F G H I J

# MAAK KINDERPARTYTJIES VAN NOU AF 'N PLESIER VIR USELF

*Ek spesialiseer in alle eetgoedjies vir die kinders*

*U kies die tema, ens. en ek doen die res!*

*Ek kom selfs vooraf om alles te versier*

**Al wat u moet doen, is om 14 DAE vooraf te skakel om teleurstelling te voorkom.**

**ELSA HEYMANS** Boomstraat 14 **TEL. 141**


## MOTORFIETS-UITSTAPPIE BLY GROOT PRET

Wilna Labuschagne

"Op 28 Februarie het sewe motorfietse en twee bakkies van die Wepener Motorfietsklub die grondpad deur die Transkei na Rhodes aangepak. Ek het my vergaap aan al die patente wat die pappies prakseer het, sodat mammie darem gemaklik kan sit! Pauline het so 'n lekker langhaar vel gehad, Coral so 'n snaaks gevoude sponsie en Sanette het tot haar ouma se ringkussing daar gehad!

Ons het die roete 'n bietjie byster geraak en moes die eerste aand in die Transkei slaap. Nadat die ergste klippe en miskoeke uit die pad geskop is, is die seile oopgegooi en is daar "tot ruste" gekom. Die volgende oggend is die natgedoude beddegoed fluks opgepak en is die tog voortgesit. Om te verhoed dat ons gou moeg word, is daar kort-kort stilgehou.

Uiteindelik is Rhodes bereik. Sommiges het 'n agterstallige slapie op die hotel se grasperk probeer inhaal, terwyl ander die winkeltjie besoek en die oudhede binne die hotel bewonder het.

Die tweede nag het ons by Nuwe Engeland op 'n plaas, langs 'n spruitjie nes geskop. Van ablusie fasiliteite was daar nie sprake nie en ons moes maar beurte maak om stroom-af te stap. Dit was nogal pret om in sulke ysige water te "bad". Hoe skoon ons gewas het, weet ek nie, maar dit het darem die gewete getroos.

Die volgende oggend was ons maar traag om op te pad, want die pad huis toe moes nou aangedurf word. Toe Micko Troskie se motorfiets breek, moes die hele bakkie afgepak word om die fiets op te laai. Micko moes homself maar bo-op die motorfiets en die bagasie tuismaak - gelukkig kon hy aankomende vee van ver af sien aankom en het hul luid verdryf!

Selfs die reën kon die gees nie demp nie en vir oulaas is daar vleis gebraai. Niemand was lus dat die wegbreekkansie eindig nie. As ek nou so terugdink, dan weet ek al was slapenstyd nou nie eintlik 'n fees van gemak nie, was dit 'n belewenis wat ek altyd sal onthou!

# UIT DIE WOORD

*"As julle al die gebooie wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam en die Here jou God liefhe^ en dien met jou hart en siel, sal Hy vir julle land sy ree¨n gee op die regte tyd, lente- en somerreëns, en julle sal koring, wyn en olie oes." Deut. 11:13*


FINANSIëLE
ADVIESDIENS

OU
MUTUAL

KRY MEER UIT DIE LEWE

*Kontak Frik Smit*
*Tel. 131*
*Ou Mutual*
*VLK-gebou*
*Zastron*

MUTUAL
&FEDERAL
VERSEKERING

rotsvas

Bates oorskry R600 miljoen,
solvensiedekking meer as 90%


# KERKNUUS

## EEUFEESVIERINGE VAN DIE N.G.GEMEENTE ZASTRON

Voorwaar 'n feestelike geleentheid wat ons luisterryk gaan vier! Voorlopig gaan dit plaasvind vanaf Vrydag, 8 Oktober - Sondag, 10 Oktober 1993.

Daar word 'n feesnaweek soos min beoog, waarby almal betrek gaan word. Ons sal bly wees as van die ouer inwoners van die dorp en distrik vir ons bydraes kan lewer van wat hulle kan onthou van die vroeë geskiedenis van ons gemeente. Enigiets is welkom: die lief en leed van hierdie gemeente, die oud-leraars, gemeentelede, sondagskool, S.S. piekniek, die gemeentekinders, kinderkrans, kerkkore, orrelistes, sangdienste, kersuitvoerings .... enige brokkie sal welkom wees!

Ons wil graag elke maand een en ander van hierdie gemeente in Die Zastronner publiseer. Bydraes kan aan die Kerkkantoor, ds. Paul, ds. Nico en die Sekretaresse van die Feeskomitee, mev. Engela de Kock gestuur word.

## HOE HET HIERDIE GEMEENTE TOT STAND GEKOM?

**(Uittreksel uit Jubileum Feesblad, 1943)**

**Die dorp, Zastron met sy pragtige natuurskoon is op 'n gedeelte van die plaas Verliesfontein, distrik Rouxville, aangelê. Hierdie plaas het aan J.H. de Winnaar behoort. Na sy dood het J.J. Taljaard as waarnemende eksekuteur vir E.J. Pringle, die eksekutrise in die boedel van De Winnaar, die plaas van G.W. Fouché, Jacob Saligmann, C.C. Mathey en J.J. Taljaard vir R6 500 verkoop.**

**In 1876 is die gedeelte waar die dorp nou staan, in erwe afgemeet. Die eggenote van Pres. Brand, Johanna Sibella Brand (gebore Zastron) is genader met die versoek om haar toestemming dat die dorp haar nooiensvan,**

ingewillig het. Nadat die eerste erwe in 1876 verkoop is, het die eienaars hul bes gedoen om die plek as dorp erken te kry. Daarin het hulle baie teenstand van sommige inwoners van die distrik Rouxville ondervind. Daar was veral pogings om deur middel van 'n petisie die plaas Van Iddekingsvlei die voorkeur te gee bo Verliesfontein.

In 1881 het 'n kommissie van die Volksraad die saak ondersoek en beslis dat Verliesfontein baie geskik vir 'n dorp was. Op 16 Mei 1882 het die Volksraad die stigting van die dorp Zastron erken. Daarna het die beweging tot afstigting van Zastron as 'n afsonderlike gemeente begin. Hierdie beweging het vir 'n geruime aantal jare van die gemeente Rouxville baie teenkanting ondervind. Die eerste poging vir 'n kerkplek te Zastron het geskied deur middel van 'n petisie aan die Kerkraad van Rouxville op 19 Oktober 1883, onderteken deur 83 belanghebbendes te Zastron, met die versoek vir 'n maandelikse kerkdiens te Zastron endat die sakramente elke drie maande daar bedien sou word. Die Kerkraad het hierdie versoek afgestem en dit is aan die Rouxville leraar oorgelaat om daar van tyd tot tyd dienste te hou na goeddunke - maar geen sakramente sou bedien word nie.

'n Petisie is voor die Kerkraad van Rouxville voorgelê om die aangeleentheid aan 'n Ringskommissie op te dra en die Ring het besluit dat daar voldoen moes word aan die Kerkwet, nl. dat die aangrensende Kerkrade hul toestemming of hul weiering moes gee.

Op 23 November 1885 verklaar die Kerkraad van Rouxville eenparig teen die stigting van 'n afsonderlike gemeente in Zastron, maar 'n kommissie is benoem om die saak te ondersoek. Op 25 Oktober 1886 het die Ring besluit dat hulle aanbeveel dat die Kerkraad van Rouxville driemaandeliks te Zastron dienste moes hou en ook die sakramente bedien, en om ook die bestaande tweedrag uit die weg te ruim sodat daar tot die stigting van 'n gemeente kon oorgegaan word.

Weereens het die Kerkraad Rouxville met 10 teen 6 stemme, besluit om nie aan die wenk 267 lede is ook ontvang teen die stigting van 'n gemeente te Zastron.

Op 7 Februarie 1889 is 'n vergadering te Zastron gehou waarop die Kerkraad van Wepener ook verteenwoordig is. Onder voorsitterskap van ds. Van Velden is daar besluit om maandeliks dienste te Zastron te hou en dat 'n kerkie gebou moes word. Daar is besluit dat daar vir 'n periode van vyf jaar nie weer aansoek vir die stigting van 'n gemeente gedoen kon word nie. Ook is daar besluit dat 'n kerk nie gebou kon word voordat daar genoeg geld in hande was nie. Op 11 November 1889 is 'n tender aanvaar vir R1 100 om met die bou van 'n kerk te begin. Op 8 Februarie 1890 is die kerk se hoeksteen gelê en op 2 Oktober 1890 is die kerk voltooi. Op 19 Junie 1893 gee die voorsitter van die Kerkraad van Rouxville kennis dat die vyf jaar periode byna verstreke was en dat daar nou finaal besluit moes word.

Nou kom ons uiteindelik tot die stigting van die gemeente Zastron! Op 19 November 1893 besluit die Ringskommissie dat aan al die bepalings van die Kerkwet voldoen is en word die gemeente Zastron wettig verklaar.



MODEL SLAGHUIS

*Ons spesialiseer in*

*· Gerookte Varkboude*

*Skaap- en Varkribbes*

*Rookwors en nog vele meer*

Eien. G.J.J. Schoeman & G.J. Marais

TEL. 188

## VOORTREKKERKAMP VIR JONGSPAN

Op Vrydag, 13 Maart om 15h00 het die pret begin. Drie offisiere, Fransie van Zyl, Hannatjie Swanepoel en Leonie Schoeman het saammet 28 Voortrekkertjies na 'n kamp, te Montagu dam vertrek. Vir baie van die kleingoed was dit hul eerste buitelewe-ondervinding en die opgewondenheid was groot!

Nadat kamp opgeslaan is, is daar gestap en geswem. Vir aandete het elkeen sy eie stokbrood gebraai en saammet 'n worsie het dit vorentoe gesmaak! Na die kampkonsert, was dit slapenstyd, maar o wee, toe die rooimiere begin byt, was dit konsternasie.

Saterdagoggend is daar vroeg geroer, want 'n bedrywige dag het voorgelê. Elkeen het ook kans gekry om sy eetgerei met klei te versier. Te gou was die kamp verby - 'n moeë, maar gelukkige groepie het dorpwaarts gekeer en almal was dit eens - die kamp was bobaas!

## TUINBOUKLUB

Die nuwe bestuur vir Zastron Tuinbouklub is as volg: Voorsitter - Rina Bester, Vise-voorsitter - Tilla de Wet, Sekretaresse - Lené Hoffman, Tesouriere - Anne van Rensburg, Addisionele lid - Cecile Cotton.

Die vergaderings vind elke eerste Dinsdag van die maand om 15h00 plaas. Let egter daarop dat die April-vergadering op Donderdag, 9 April sal wees.

## LIONSKLUB

Die nuwe bestuur vir die sewende bestaansjaar van Zastron Lionsklub is verkies en sal Junie 1992 oorneem: Voorsitter - Bok van Niekerk, Sekretaris - Brain Aitken, Tesourier - Elmo Cusens, Tail Twister - Ronnie van Tonder, Lion Tamer - Koos van Tonder, Lidmaatskap Direkteur - Peter Viljoen.

Op 14 Maart het die dames van die klub 'n ete vir die senior burgers in die stadsaal aangebied. Kospakkies is ook aan persone afgelewer wat die verrigtinge nie kon bywoon nie.


**RENIERSHOF**

Tielmanrooslaan
Zastron
TEL. 315

**Muurbal**

**Tafeltennis Poeltafel**

**Apparaatwerk**

**Oefeninge**

***Callanetics - Maandae & Woensdae***
***17h15 tot 18h00***
***Lae impak aerobiese oefeninge***
***Dinsdae & Donderdae om 17h15***

**Stoei**

***Maandae & Donderdae 18h00 - 19h00***

**LEDEGELD**

Enkelpersoon - R120.00
Gesin van twee - R170.00
Gesin van drie & meer - R190.00

**WIELIE WALIE SPEELGROEP**

**Maandae & Woensdae**
**& Vrydae 09h00 - 12h00**

**SAAL TE HUUR**

# ADVERTENSIES

**Geklassifiseerde advertensies kan aan Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste daaraan verbonde is R5.00 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5.00 kos. Let wel geen geklassifiseerde advertensie sal geplaas word indien dit nie vooruitbetaal is nie.**

## TE KOOP

Steekhaar Foxterriers te koop. Skakel Zastron 3613.

St. Bernard reuntjie. Gebore 4 Februarie 1992. Prys R200. Skakel Zastron 3013.

## ALGEMEEN

WASONTHARING!

Vanaf 10 Maart 1992 by die Skoonheidsalon beskikbaar. Kom verwyder alle onooglike en ongewenste hare, nl. volbeen, halfbeen(onderbeen), bikini, onderarm en gesighare (bo-lip en ken). **Vir navrae en afsprake: Anlie Smith, tel. 2313**

## GESOEK

Die Publisiteitsvereniging soek die name van persone wat Zastron en distrik op provinsiale vlak verteenwoordig het of enige ander uitstaande prestasie behaal het vanaf Januarie 1991 tot huidiglik. Stuur aan K. Botha, Posbus 20, Zastron, 9950.


**BOOTS-'N-ALL**

**Posbus 449** **Zastron**

**Pragtige kleure Pinquin wol**
**Materiale, Skoene, Baba-afdeling**
**Skryfbehoeftes en Speelgoed**
**Alle naaldwerk-benodigdhede**

**Tel. 206**

# RUGBYKLINIEK BELOOF DIE MOEITE WERD TE WEES - MOET DIT NIE MISLOOP NIE!

Die jaarlikse rugbykliniek vind vanaf 27 Maart tot 3 April plaas. Ongeveer 150 skoolseuns sal die geleentheid bywoon, maar die trekpleister is verseker die provinsiale spanne, naamlik die A en B-span van die Griekwas en die Maties wat teen verskeie uitnodigingspanne sal deelneem. Die Maties sal op 26 Maart arriveer om tydens die week behulpsaam te wees met afrigting.

## PROGRAM

**27 Maart 1992**

Kliniek begin.
Skolespanne vanaf Excelsior, Hentie Cilliers, Sasolburg, Koffiefontein, Aliwal-Noord, Winburg arriveer.
19h00: Skemerkelk vir die besoekende afrigters en Maties geborg deur die Zastron Sakekamer

**28 Maart 1992**

11h00: Skolewedstryde begin
15h30: Griekwa B-span vs Aasvoëlberg Uitnodigingspan
17h00: Maties vs Uitnodigingspan
18h30: Griekwa A-span vs Aasvoëlberg Uitnodigingspan
20h00: Funksie in stadsaal vir die besoekende spanne geborg deur die Skakelkomitee van die kliniek

**29 Maart 1992**

Kerkparade

**30 Maart 1992**

Kliniek-afrigting
Vleisbraai vir spelers

**31 Maart 1992**

13h00: Skolewedstryde begin
17h00: Zastron Eerstespan vs Burgersdorp Eerstespan
18h30: Maties vs Aasvoëlberg Subuniespan
20h00: Funksie by Klubhuis vir die spanne geborg deur die Senior Rugbyklub van Zastron

**1 en 2 April 1992**

Kliniek-afrigting

**3 April 1992**

13h30: Skole wedstryde
16h00: Zastron tweede span vs besoekende span
17h00: Zastron eerste span vs besoekende span
18h00: Maties vs N.O.V.S. Platteland

Mnr. Nelie Smith, bekende afrigter, sal weer sy kennis en ervaring met die rugbyspelers deel. Ander eregaste wat die kliniek sal bywoon, is mnr. en mev. Bill Troskie van BMW, Bloemfontein, mnr. en mev. Hercie Venter van Mobil S.A., mnr. en mev. Frikkie van Rensburg van Die Volksblad, ons burgemeesterspaar, mnr. en mev. Bill Shaer en mnr. en mev. Johan Pieterse van Mobil, Zastron. Mobil S.A. tree as hoofborg op.

Mnr. Gaaf Botha, organiseerder van die kliniek, bedank die Skakelkomitee by name mnre. Rassie Breytenbach, Alex van Zyl, Jan Barnard, Freddie Müller, Chris Crous, dr. André Swartz, mnre. Louis Alberts, Pierre Rochér en hul eggenotes vir hul harde werk. "Min mense weet hoeveel tyd hierdie mense insit om van die week 'n sukses te maak" het mnr. Botha gesê. 'n Spesiale beroep is op die publiek gedoen om hul heelhartige steun aan die projek te gee. "Kom kyk gerus en bring gerus die hele gesin saam - hier sal genoeg eetgoed gedurende wedstryd wees. Ons maak staat op u!" sê die komitee.

## REKORD VIR SKOOLSEUN

Abrie du Plessis was op 28 Februarie die groot uitblinker op die eerste dag van Nasau se sewentiende jaarlikse Vrystaatse Interprimêre atletiekbyeenkoms in die Vrystaat-stadion te Bloemfontein.

Abrie het in hoogspring vir seuns onder veertien, die bestaande byeenkomsrekord van 1,58 m, wat W. Booysens en S. Neuhoff gesamentlik gehou het, met 'n pragsprong van 1, 61 m verbeter. Hy was die enigste atleet wat 'n rekord kon verbeter.

## UITSLAE-INTERHOËR

Op die afgelope Interhoër Atletiekbyeenkoms in Bloemfontein, het die Zastron-leerlinge as volg presteer: Erica Thormahlen behaal 'n derde plek in die spiesgooi vir dogters onder 16. Christo Crous eindig 3de in die 800m vir seuns onder 16 en Elmari Olivier behaal 'n derde plek in 200 m dogters onder 16 en 'n vyfde plek in die 100 m.


TOPSPORT

Posbus 308 ZASTRON Tel. 343

SPORT-AFDELING
* Sweetpakke * Sportsakke
* Sportbroeke
* Verskeidenheid hemde
* Tenniskiere * Sportkouse
* Skoene vir alle sport
* Sportballe
* Gholftoerusting

GEHALTE & KWALITEIT IS ONS LEUSE

MATERIAAL-AFDELING
* Rokmateriaal * Satyn
* Kaasdoek * Breistowwe
* Sweetpakmateriaal
* Winterslap * Satynlint
* Naaldwerkbenodigdhede
* Verskeidenheid garing
* Kant

Op Vrydag, 28 Februarie was dit weer tyd vir die fikses, jonges van gees en ander belangstellendes om nader te staan vir die Driekamp-kompetisie wat nou reeds 'n instelling op Zastron geword het. Deelnemers het 280 m geswem, 5 km gedraf en 12 km fietsgery, te midde van 'n sterk en koue wind. Deelnemers het in verskillende afdelings meegeding - die uitslae was as volg:

Op die foto verskyn die wenners in die Dames-afdeling v.l.n.r. Petro Fouché, Karin Calitz en Jessica Pansegrouw.



Die gemengde skolespan wat eerste geëindig het, was Ronel de Wet, Wicus Oliver en Kallie Botha.


# EXPERT

**TWEEDEHANDSE MEUBELS**

*Nou waar Wanda Winkel was*

Koop en Verkoop meubels
met jare se ondervinding

***Gratis kwotasies op Ingeboude kombuis- en slaapkamerkaste***

**Kontak R.W. SMITH**

**TEL. 358**

**ROUXVILLE**

# VAN REENEN & SEUN

*Agter BP-Vulstasie*

**Algemene reparasiewerk aan enige diesel- of petrolvoertuig deur senior gekwalifiseerde werktuigkundige**

**Ons doen ook sweiswerke**

**TEL. 502** Na-ure tel.378

Megasave
INDEPENDENT SUPPORT GROUP

VANANCO
Groothandelaars
ZASTRON

AGENTE VIR

Sentraalwes (Kooperatief) Beperk

Sasko

*Kom vergelyk ons pryse*

TEL
346
179

VRA VIR RONNIE OF MIKE

**Die manne wat skoonskip gemaak het, is Leon Barnard, Muskiet van der Blerk en Gerrie van der Merwe. Op die foto (regs) is Leon en Muskiet saammet hul "bestuurder", Phil Meads afgeneem.**
**Regs onder verskyn Piet Labuschagne, Mike Smith en André Swartz wat gewys het dat die manne bo 40 nog nie afgeskryf moet werd nie! Daar was selfs 'n weddenskap van R1200 dat die bo 40 span van Elmo Cusens, Gawie Schoeman en Ronnie van Tonder nie daarin sou slaag om die driekamp te voltooi nie! Hulle het egter bo almal se verwagting klaargemaak en die geld is aan die Gholfklub geskenk om verbeteringe aan te bring.**






## ZASTRON GHOLFKLUB

Al was Saterdag, 21 Maart 'n baie winderige dag, het dit spelers nie afgeskrik nie en is goeie tellings opgestel. Al die wenners het vleispryse ontvang.

Die uitslae was as volg: 1. Paul de Witt, 71. 2. Tossie Smith 71. 3. Jaco du Plessis 72. 4. Bok van Niekerk 76. 5. Dermott Cusens 76. Die meeste gholf is deur Piet Gelderblom gespeel, die langste dryfhou deur Johan Henning, kortste dryfhou deur Bok van Niekerk en die naaste aan twee penne was Mac MacCallaghan. Megan Higgs en Sandra Cusens het onderskeidelik eerste en tweede in die dames-afdeling geëindig.

Fritz Fenwick het vir onverwagse "aksie" gesorg toe sy korrel 'n bietjie uit was en Mike Smith teen die kop getref is! Gelukkig was dit nie nodig om 'n ambulans te ontbied nie en kon Mike na so 10 minute weer die spel aangedurf.


SQUARES

*Meubileerders*

*Geskenkware*

Groot verskeidenheid altyd beskikbaar

*Volvloermatte*

Gratis kwotasies

Werk gewaarborg

TEL. 281

POSBUS 21

ZASTRON


## ONS TAALHOEKIE

Verlede maand het die **hans** ons laat kopkrap .... of is dit nou **kop krap** of **kop-krap?** In die nuwe spelreëls van die Akademie sloep hulle ons nie aan 'n paal vas nie en gee die lewende taal die voorkeur om met gevoel te skryf soos jy dit aanvoel en bedoel; tot tyd en wyl die skryftaal in die volksmond eendag sy voorkeure gemaak het.

En toe kom sê 'n Kaaskop (nie 'n Rooinek nie): Wat Hans (Jantjie) nie leer nie, sal Hans (Jantjie) nie weet nie! **Altewaar!** (die woordjie is nie in die woordeboeke nie, maar lewend in Zastron.) Hans-slim, jy sal eers moet leer kruip voordat jy dink jy kan loop.

Ons gaan nou wel verder kruip en kennis maak met Hans se Kaatjie. Sy is nie net 'n Kaatjie Kekkelbek nie, maar ook Kaatjie van die baan, veral as Hans sy Kaatjie-Langnek gesoen het, is dit klaar met Kaaitjie (Kees) .... alias poegaai! En wie weet; klaar met Hans ook?

Nog niks van jou gehoor nie! Of kom jou kopkrappertjie dié maand. Dit sal welkom wees. OMIE

# Maluti Hotel
# ZASTRON



**OP DIE HOOGLANDROETE**
**ON THE HIGHLAND ROUTE**

*Hier vind u persoonlike aandag en maaltye voorberei in die fyn tradisie van koskenners!*

*Die Renier de Winnaar-kuierkombuis bied u ligte middagetes teen minder as R10,00.*

*Kom geniet gerus 'n koppie boeretroos en smaaklike tuisgebak.*

**DIE HOTEL WAT ZASTRON BEKEND GEMAAK HET!**

HONORE ET INDUSTRIA

# Zastron

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS • DIE DORP MET GROEIKRAG*

**HIER VIND U:**

☆ Ongeëwenaarde natuurskoon en puik ontspanningsgeriewe ☆
☆ Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse ☆
☆ Munisipale dienste teen besonder billike tariewe ☆
☆ 'n Gesonde, gematigde klimaat ☆
☆ Puik woonwapark ☆
☆ Vakansieplase ☆
☆ Forel-vangste ☆
☆ Staproetes ☆
☆ Puik hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede ☆

**ONS NOOI U:**

## *Kom besoek Zastron en vestig u hier*

Vir nadere besonderhede skakel met

**DIE STADSKLERK, POSBUS 20, ZASTRON 9950**
Tel (05542) 18

Sentrapers 14638